# Padkaart - Annuïteit opsies

GTC consult • partner • manage

## FONDSE GEADMINISTREER DEUR GTC

Die gedeelte van u voordeel wat nie as kontant geneem is nie (indien van toepassing) sal gebruik word om vir u 'n inkomste te koop. U het die keuse om die basis te kies waarop u 'n annuïteit na u aftree datum ontvang.

Daar is vier soorte annuïteite wat u by aftrede kan kies om u van 'n inkomste te voorsien:

1. 'n Verpligte lewens annuïteit
2. 'n Buigsame lewens annuïteit
3. 'n Kombinasie van 'n verpligte lewens annuïteit en 'n buigsame lewens annuïteit
4. 'n Standaard annuïteit - indien van toepassing - soos bepaal deur die fonds se Trustees.




① Verpligte lewens annuïteit ←

② Buigsame lewens annuïteit →

'n Kombinasie van 'n verpligte & buigsame lewens annuïteit, is ook 'n opsie ③

Standaard annuïteit ④ →

## Verpligte lewens annuïteit

- Voorsien 'n vaste bedrag per maand tot u dood.
- Opsie om te kies dat die annuïteit loop tot die laaste sterwende van u of u eggenoot.
- 'n Minimum gewaarborgde inkomstebetalingstydperk kan verkies word.
- Voorsiening vir verskillende soorte inkomste verhogings is ook beskikbaar.
- Inflasie gekoppelde inkomste verhogings kan gestruktureer word.
- Die prestasie van die onderliggende belegging raak SLEGS die verhogings van 'n 'met-winsgewende' annuïteit.
- Inkomste sal nie verminder nie en sal met verloop van tyd toeneem, afhangende van die opsie wat u kies.
- Hierdie opsies moet op ontstaansdatum verkies word en kan nie gewysig word nie.
- Die inkomste sal onderhewig wees aan belasting.

## Lewende/Lewens annuïteit

- Direk gekoppel aan die prestasie van die onderliggende beleggings portefeulje.
- Die jaarlikse inkomste wat uit die buigsame lewens annuïteit afkomstig is, kan jaarliks aangepas word.
- 'n Minimum van 2.5% en 'n maksimum van 17.5% elke jaar van die kapitale waarde kan elke jaar gekies word.
- U kan hierdie koers elke jaar op die herdenkings datum hersien.
- Die inkomste kan maandeliks agterstallig, of kwartaalliks, twee jaarliks of jaarliks vooruit betaal word.
- Die inkomste sal onderhewig wees aan belasting.
- Gaan voort na die dood van die annuitant, en dra oor na die genomineerde afhanklike/s.
- Afhanklikes kan kies om die enkel bedrag waarde te ontvang wat belasbaar sal wees.

## Standaard annuïteit deur Trustees aanbeveel


Die Trustees van die GTC Sambreelfondse het 'n annuïteit strategie gestig wat 'n **"met-wins"** verpligte lewens annuïteit geïdentifiseer het. Die Just Lifetime Inkomste Annuïteit is geïdentifiseer as 'n standaard opsie vir oorweging deur lede wat waardering het vir die opsie van 'n leeftyd inkomste wat nooit verminder nie, en toeneem met verloop van tyd. Gaan u fonds se B's & V's na.




U aftrede is 'n groot mylpaal en 'n uiters belangrike finansiële kruispad in u lewe, met komplekse kwessies om te oorweeg oor die produkte wat vir u beskikbaar is.

**Aftrede is 'n komplekse en uiters belangrike finansiële beplannings proses.**

**Die rol van die geakkrediteerde finansiële adviseur is van kritieke belang om te verseker dat u 'n ingeligte besluit vir u aftrede kan neem.**



**Die besluite wat u by aftrede neem, kan nie omgekeer word nie.**



GTC, as u administrateur, kan u voorsien van al die inligting oor u fonds wat u benodig, om hierdie belangrike besluite te neem.

**010 597 6920 / retirementfunds@gtc.co.za**

Die GTC privaatheidsbeleid kan besigtig word op **https://www.gtc.co.za/legal-compliance/**

Dit is belangrik dat u die privaatheidsbeleid lees en verstaan.

**U word aangemoedig om geakkrediteerde finansiële advies in hierdie verband te versoek.**